# Oos-Europese Riviervaart-toer

## Duitsland, Oostenryk, Slowakye, Kroasië & Hongarye

Sewe land-ekskursies twv R5 200 ingesluit

### *23 Oktober – 3 November 2027*

Kom saam op ons twaalf-dae ***Oos-Europese Riviervaart-toer*** met die ***MS Vivienne***. Alle etes en vele meer is ingesluit. Pak net een keer uit en in op ons luukse bootvaart! Belewe 'n klompie juwele langs die Donau-rivier, onder andere Dürnstein, Wene, Bratislava en Budapest. Die spesiale groepstarief beloop **R49 990** per persoon en dit sluit sewe land-ekskursies ter waarde van R5 200 in.

## Reisplan

**Dag 1: Saterdag, 23 Oktober** **KAAPSTAD /JOHANNESBURG →**

Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg na ***Europa***. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Sondag, 24 Oktober** **MÜNCHEN → LANDSHUT → PASSAU →**

Nadat ons in **München** geland het, reis ons per bus na die ***MS Vivienne***. Op pad na **Passau**, stop ons eers vir 'n uur by die **Landshut** (ongeveer 70 km vanaf München) se mooie ou stad.



*Landshut se Altstadt is sowat 70km vanaf München geleë*



*Passau langs die Donau-rivier*

As ons in **Passau** aankom by die *MS Vivienne*, sal die kaptein en bemanning ons aanboord verwelkom met iets te drinke. **17:00** Die *MS Vivienne* vertrek vanaf Passau en ons Donau-riviervaart begin amptelik! Sit terug in jou kajuit, die gesellige sitkamer, of op die bo-dek en geniet die landskaptonele waarby ons verbyvaar.
Vanaand sit ons aan vir 'n spesiale vyf-gang verwelkomings-aandete!




*Ons gaan aanboord die elegante MS Vivienne vir ons tien dae Oos-Europese Riviervaart!*

**Dag 3: Maandag, 25 Oktober16 April → MELK → DÜRNSTEIN →**

Vanoggend word ons wakker in Oostenryk. Ons vaar deur die skilderagtige Wachau-vallei en arriveer om **08:00** in **Melk**. Na 'n heerlike buffet-ontbyt vertrek ons vir ons drie ure besigtigingstoer van Melk met plaaslike toergidse. Ons besoek onder andere die masiewe Melk Abdy.

**14:00** Ons vertrek vanaf Melk verder in 'n oostelike rigting na Dürnstein.

**16:00** Ons arriveer in **Dürnstein** en ons vier busse staan gereed vir ons ekskursie na die hoogtepunte van hierdie sprokiesmooi dorp. ♫ Ons word ook getrakteer op 'n besondere orrel-konsert van 20 minute.

> **Dürnstein** is a small town on the Danube river in the Krems-Land district, in the Austrian state of Lower Austria. It is one of the most-visited tourist destinations in the Wachau region and also a well-known wine growing area. Dürnstein was first mentioned in 1192 when, in the castle above the town, King Richard I of England was held captive by Leopold V, Duke of Austria, after their dispute during the Third Crusade.

**22:00** Ons vertrek vanaf Dürnstein.



*Melk se indrukwekkende Abdy*



*Prentjiemooi Dürnstein*

**Dag 4: Dinsdag, 26 Oktober → WENE**

**04:00** Terwyl ons nog slaap meer die *MS Viviene* sag vas in **Wene**, Oostenryk se hoofstad.

**09:00** Ons vertrek per bus vir ons vier-ure besigtigingstoer na die hoogtepunte van Wene met plaaslike toergidse.

♫ Daar sal vanaand die geleentheid wees om 'n klassieke konsert in Wene by te woon. Besonderhede van die konsert sal later aan al die toerlede deurgegee word.

**Dag 5: Woensdag, 27 Oktober WENE →**

Na ontbyt het ons die hele dag vry om hierdie musiekstad verder te ontdek en te geniet.

**23:00** Ons vertrek vanaf Wene.



*Kom stap saam in Wene se magiese straate…*

**Dag 6: Donderdag, 28 Oktober → BRATISLAVA (Slowakye) →**

**03:30** Ons arriveer in **Bratislava**, die hoofstad van Slowakye. Na nog 'n heerlike ontbyt is dit tyd om hierdie juweel van Oos-Europa te ontdek!

**09:00** Ons ontmoet ons plaaslike toergidse vir 'n staptoer deur die mooi ou stad van Bratislava. Daarna volg 'n "mini train tour", waarmee ons nog meer van die stad kan beleef. Ons het die middag vrye tyd vir inkopies en verdere besigtiging.

**18:00** Ons vertrek vanaf Bratislava.




*Bratislava se ou stad*



*'n "Mini train tour" van Bratislava...*

**<u>Dag 7: Vrydag, 29 Oktober</u>** → **Rivier-dag!** →
Ons vaar vandag in 'n suidelike rigting op die Donau-rivier na Kroasië. Ons sal seker maak dat daar (behalwe al die etes!) genoeg interessanthede op die *MS Vivienne* aangebied word.

**<u>Dag 8: Saterdag, 30 Oktober</u>** → **VUKOVAR** →
**02:00** Ons boot arriveer in **Vukovar**, geleë aan die oostekant van Kroasië. Min mense is bevoorreg om hierdie meer ongerepte oostelike kant van Kroasië te beleef.
**09:00** Ons vertrek per bus vir ons besigtigingstoer na die hoogtepunte van Vukovar met plaaslike toergidse. Tydens die toer sal ons ook die Abdy besoek en getrakteer word op tipiese Tamburica tradisionele volksmusiek. ♫
**18:00** Ons Vertrek vanaf Vukovar.



*Vukovar is Kroasië se Donau-rivier hawestad*




*Luister hoe klink Tamburica volksmusiek!*

**<u>Dag 9: Sondag, 31 Oktober</u>** → **BUDAPEST** →
**18:00** Arriveer in **Budapest**, die hoofstad van Hongarye en beskou as een van die mooiste stede in Europa.
♫Vanaand word ons getrakteer deur 'n tipiese Hongaarse Gypsy-konsert!

Na ontbyt vertrek ons met 'n bus na die middestad vir 'n staptoer met 'n plaaslike toergids.



*Budapest in die Herfstyd*



*Die Fisherman's Bastion in Budapest*

**Dag 10: Maandag, 1 November** **BUDAPEST**
**09:00** Ons vertrek per bus vir ons besigtigingstoer van vier-ure na die hoogtepunte van Budapest, geleë aan weerskante van die Donau-rivier, met plaaslike toergidse. Ons besoek die Buda en Pest dele van hierdie indrukwekkende stad.
Ons het vanmiddag vrye tyd om die stad nog verder te verken en inkopies te doen.
**19:00** Ons sit aan vir ons spesiale vyf-gang afskeids-ete op die *MS Vivienne*.


**Dag 11: Dinsdag, 2 November** **BUDAPEST →**
Na 'n laaste heerlike ontbyt het ons nog 'n paar uur om Budapest te geniet. Dan is dit tyd om die ***MS Vivienne*** te groet en ons vertrek sak-en-pak na die Budapest-lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika.
Vanaand word aandete op ons vlug bedien.

**Dag 12: Woensdag, 3 November** **→ JOHANNESBURG /KAAPSTAD**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike ***Oos-Europese Riviervaart***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van **R1 850** vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Nege nagte *Donau Riviervaart* op die ***MS Vivienne*.**
- ✓ Alle etes (ontbyt, middagete en aandete) aanboord die ***MS Vivienne*.**
- ✓ 24-uur koffie/tee-stasie in die sitkamer.
- ✓ Gratis Wi-Fi in kajuite en alle openbare areas op die boot.
- ✓ Luukse *L'Occitane-en-Provence* (of soortgelyke) badkamerprodukte in al die kajuite.
- ✓ Verwelkomings- en afskeidsgeleenthede met wyne en sappe
- ✓ 'n Verskeidenheid internasionale TV-kanale via satteliet in al die kajuite.
- ✓ Luukse busvervoer soos in die reisplan aangedui, met alle parkerings- en tolgelde.
- ✓ Sewe land-ekskursies (ter waarde van R5 200) met plaaslike Engelssprekende toergidse en toegangsgelde waar nodig in Melk, Dürnstein, Wene, Bratislava, Vukovar en Budapest.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van ervare toerleiers deurentyd.








***Aanboord die netjiese MS Vivienne***

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R49 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Maart 2026. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1 = R19.50 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkoste van ± **R1 760** vir 'n Oostenrykse Schengenvisum, asook ongeveer **R430** vir die hanteringskoste aan die die visum-aansoeksentrum, is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met inligting oor die Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- Toerlede kan reeds met bespreking hulle voorkeur-kajuit bespreek.
- Toerlede kan opgradeer van 'n kajuit op die hoofdek na 'n kajuit op die middeldek of bo-dek vir die tien-dae bootvaart. Sien die kostes vir die verskillende opsies soos hieronder uiteengesit.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***Santam*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen **R420** vir die twaalf dae (vir diegene bo 70jaar is daar 'n bybetaling).
- Verpligte diensfooie van **R1 450** per persoon vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- 'n Deposito van **R8 000** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- 'n Tweede deposito van **R7 000**, wat deur die bootmaatskappy vereis word, moet **voor 19 Desember 2026** vereffen word.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 3 Julie 2027** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.
- Ons beplan om drie pre-unie byeenkomste in George, Kaapstad en Midrand aan te bied gedurende Juliemaand 2027 vir alle toerlede wat dit kan bywoon.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: **EEC27**/en u van
Kontak die toerleiers, ***Gerhard of Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za



# *MS VIVIENNE*

- Toerlede kan met bespreking reeds hulle voorkeur-kajuitnommer (uit beskikbare kajuite) op die ***MS Vivienne*** bespreek.
- Kajuitnommers 100-115 op die **Hoofdek**: geen bybetaling nodig nie.
- Kajuitnommers 200-219 op die **Middeldek** (met groter panoramiese vensters as op die hoofdek): bybetaling van **R2 290** per persoon.
- Kajuitnommers 300-329 op die **Middeldek** (met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony"): bybetaling van **R3 890** per persoon.
- Kajuitnommers 400, 402, 404 en 406-415 op die **Bo-dek** (met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony"): bybetaling: **R4 990** per persoon.
- Suite 403 en 405 op die **Bo-dek**: bybetaling van R7 980 per persoon.
- Eienaar-suite 401 op die **Bo-dek**: bybetaling van R10 990 per persoon.

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995

